HOËRSKOOL RANDBURG

Spesifieke Oueromsendbrief nr. 38 van 2026

23 Maart 2026

Geagte Randjie-ouer/-voog en -netbalspeler

Hiermee die reëlings vir die Randburg B- en C-netbalfees wat vanaf Vrydag, 27 Maart tot Sondag, 29 Maart op tuisbodem plaasvind.

- Die opening is Vrydag, 27 Maart om 12:00 op die A-netbalbaan.
- Gazebo's kan Donderdag tussen 09:00 en 13:00 opgeslaan word. Die skool verskaf vier vir die spanne. Ons sal dit baie waardeer indien enige iemand bereid sou wees om 'n gazebo vir die naweek vir ons te leen.
- Die dogters kan kussings en komberse bring om tussen die wedstryde onder die gazebo's te ontspan.
- Kleredrag: Randburg netbaldrag en wit sterretjiekouse vir al drie dae van die fees.
- Dogters kry 'n "goodie bag", maar is vir hul eie etes en verversings verantwoordelik.
- Die toernooi kos **R300** per dogter en ons rig 'n ernstige versoek dat alle uitstaande gelde dringend betaal word.
- Parkering vir toeskouers is by Ferndale on Republic by die Cross-straat ingang en daar is bussies om toeskouers heen en weer te vervoer.
- Afrigters sal tye en ontmoetingsplekke met die spanne, volgens die program en hul wedstrydtye reël.
- Ons moedig die dogters aan om mekaar te ondersteun en wens almal 'n lekker fees toe.

Vriendelike Randjiegroete,

G. Labuschagne
Netbalorganiseerder

P. Booysen
Skoolhoof

TEL: (011) 782 6226/7 • Malibongwerylaan 183, h/v Rabie en Malibongwerylaan, Fontainebleau •
E-POS: admin@hsrandburg.co.za • WEBWERF: www.hsrandburg.co.za